

'N MULTIKULTURELE UNIVERSITEIT MET 'N PEDAGOGIE VAN HOOP UIT AFRIKA

H Russel Botman

Inhoudigingstoespraak

11 April 2007

Ek wil graag begin deur u almal te bedank vir die vertroue wat in my gestel is deur u direkte of indirekte ondersteuning van my aanwysing as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch. Ek vertrou dat ek van Bo krag sal ontvang om aan u uitermate hoë, maar geregverdigde verwagtinge te voldoen.

My spesiale dank gaan aan al die betrokke verteenwoordigers van die onderskeie statutêre liggame van die Universiteit, in besonder die Senaat en die Raad vir die beduidende steun wat ek van hulle ontvang het. My vrou Beryl en my kinders, Hayman, Lizelle, Ilse en Roxanne, verdien my hartlikste dank vir die ondersteuning wat hulle deurgaans aan my bied. Dankie aan my familie wat vandag hier is en in besonder aan my broer, Deon, en my susters, Ethne, Phebe en Grace; en in hul afwesigheid, my oorlede ouers.

Dit is lekker om u almal, my vriende en die vriende van die Universiteit van Stellenbosch, by hierdie groot dag in my lewe hier te hê. Dankie dat julle hier is. Julle verteenwoordig my herinneringe aan die swaarkry jare én my drome vir die nuwe geslag jongmense wat Apartheid net by hoorsê sal ken.

Dit is vir my lekker om reg aan die begin te verklaar dat ek die trotse Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch is. Die HEQC gehalteauditverslag, wat op 26 Januarie 2007 op my tafel beland het, herinner ons daaraan dat die Universiteit met rede geprys kan te word.

Inderdaad, soos ons vele prestasies en toekennings getuig, is ons een van die voorste navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika en Afrika. Hierdie suksesse word gedryf deur die uitnemendheid van ons personeel en hulle internasionale kundigheid.

Ons onderrigprogramme, beide voorgraads en nagraads, is sinoniem met goeie gehalte. Voorgraads slaag ons steeds daarin om 'die beste van die beste' (volgens matriekuitslae van eerstejaarstudente) na Stellenbosch te trek. Nagraads is ons programme in groot aanvraag, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in ander lande van Afrika en internasionaal.

Stellenbosch het inderdaad 'n trotse en lang geskiedenis van studentgebaseerde gemeenskapsinteraksie. Dit behels 'n wye verskeidenheid van gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe wat bedryf word deur entoesiastiese personeel en studente.

Ons is geseënd met toegewyde en kundige akademiese en steunpersoneel. Ons gereelde prestasiebeoordelings toon dat hier werklik weinig sprake is van 'droë hout' onder ons personeel. Hiervan getuig die volgehoue hoë-gehalte uitsette van ons

personeel op die gebied van navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie, asook in die lewering van professionele steunfunksies.

Ons het inderdaad rede om trots te wees op ons bydrae tot die lewenskwaliteit van hierdie pragtige dorp en sy mense.

Ons sal egter nie eerlik wees nie, as dit al is wat ons oor onself te sê het. Ook hierin is die HEQC se Ouditverslag reg: daar wag vele uitdagings op die Universiteit. Die Universiteit van Stellenbosch erken dat ons rolspelers was in die onreg van die verlede. Sommige van ons het protes aangeteken en miskien was dit nie genoeg nie. Sover dit ons as 'n instelling betref: Ons weet ons kan nie genoeg om verskoning vra nie.

In die Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en daarna van die Universiteit wat reeds in 2000 deur die Universiteitsgemeenskap aanvaar is, is daar 'n spesiale afdeling wat oor hierdie saak handel. Daarin maak ons ook 'n verbintenis:

Hoewel regstelling alle aspekte van die Universiteit insluit, sien die Universiteit sy verbintenis om billikheid te verwesenlik en sy verbintenis tot diensbaarheid as vername middele in die poging om sy bydrae tot die vroeëre ongeregtighede reg te stel.

Billikheid word soos volg omskryf: Billikheid, in die sin van onder meer, die totstandbrenging van 'n korps van uitmuntende studente, dosente en administratiewe personeel wat demografies meer verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse samelewing moet ten grondslag lê aan al ons aksies, waaronder ons regstelling van die ongelykhede van die verlede en ons herposisionering van die Universiteit vir die toekoms.

En verder: Die behoefte aan demografiese verbreding van die Universiteit vra om 'n voortdurende kritiese beoordeling van die Universiteit se toeganklikheid ... en in verbintenis tot diensbaarheid, erken die Universiteit die behoeftes aan ontwikkeling en diens in gemeenskappe en gebiede wat voorheen en tans in die verskaffing van dienste en infrastruktuur benadeel is.

Ek wil my termyn as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch toewy aan die realisering van hierdie selfverklarde verbintenis van die mense van ons Universiteit. Hierdie institusionele verklaring, gaan nou 'n strewe word.

Ongelukkig verteenwoordig hierdie verbintenis en strewe ook die komplekse teenstelling van ons Universiteit. Die teenstrydigheid van ons verlede teenoor die toekoms waarna ons wil strewe word ons vernaamste dilemma. Ek het vroeër verwys na die bewese suksesse van hierdie Universiteit. Die US is alombekend vir sy akademiese uitnemendheid in al ons kernfunksies. Ons dilemma én ons uitdaging is hoe beweeg ons van sukses na betekenisvolheid, gegewe die veranderde sosio-politieke milieu waarin hierdie Universiteit moet opereer en waarin sy 'n groter betekenis moet hê vir al ons mense? Dit is 'n skerp vraag oor die kern-uitdagings vir die US om met trots te kan sê ons wil 'n Universiteit van betekenis (meaning) en betekenisvolheid (significance) wees vir Suid-Afrika en Afrika. Aan die hart hiervan lê die dilemmas van **geloofwaardigheid, relevansie, studentesukses,**

mensebestuur en Afrosentrisiteit. Ons lei aan gebrekkige geloofwaardigheid, ondanks ons uitnemendheid. Ons wys ook nie genoeg relevansie nie, ongeag van ons vermoë om gesogte studente aan die bedryf te lewer. Ons straal ook nie genoegsaam 'n gees van Afrosentriese kundigheid uit nie, ongeag van ons sterk internasionale profiel.

Om hierdie dilemmas by die horings te pak, moet ons die kern van ons eie institusionele krag begryp en 'n nuwe pedagogiese raamwerk – 'n **Pedagogie van Hoop** - vestig.

Die tema van 'n pedagogie van hoop is gemunt deur Paulo Freire, die wêreldbekende onderwyskundige wat bekendheid verwerf het deur sy beroemde teorie gepubliseer in die boek getiteld "Pedagogy of the Oppressed". Hierdie boek was in Suid-Afrika onder Apartheid verbied. Dit was toe onwettig om te vra watter leerbehoefte het mense wat leef onder verdrukking? Freire se opvolg-publikasie, "Pedagogy of Hope: Reliving Pedagogy of the Oppressed", wat in 1994 gepubliseer is, dra die kiem van 'n nuwe filosofie van die onderwys. Hy vra homself af watter pedagogiese eise stel die demokrasie aan die kurrikulum en ontwikkel sy gedagtes veral teen die agtergrond van die situasie in Brasilië. Sy antwoord is dat verdruktes/armes/minderbevooregtes behoefte het aan 'n pedagogie van hoop. Almal van ons is op die een of ander manier geaffekteer deur die demokrasie, maar die pedagogiese betekenis van die veranderinge in 1994 moet nog verder deurdink word vir Hoëronderlig.

Die transformasie van die Universiteit was tot nou toe gedryf deur haar **Visie 2012**. Die Visie voorsien dat die US in 2012 'n uitnemende instelling sal wees; wat 'n wetenskaplike en tegnologiese bydrae in Afrika lewer; wat 'n rolspeler in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is en beide diversiteit en Afrikaans bevorder in 'n meertalige konteks. Ons huidige visie het baie goed gewerk om ons koersvas te bring waar ons tans is en verskaf 'n voldoende platform om die toekoms met vertroue aan te pak. Uitlewing van ons huidige visie is dus noodsaaklik, maar nie noodwendig genoegsaam nie.

Een moontlike vraag is of dit nie te algemeen is nie? -- met die wete dat ek mede-eienaarskap het van hierdie Visie. Daar sou waarskynlik redeneer kan word dat hierdie vraag ook in wisselende mate sou kon geld vir ander Hoëronderlig instellings in Suid-Afrika.

Dit is my strewe om die Universiteit met die bestaande Visie as vertrekpunt, op te rat na 'n instelling in Afrika wat nie net beduidend 'anders' wil wees, soos gegrond op ons verlede nie, maar wat ook beduidend 'beter' wil wees, soos gesien in ons verbintenis ten opsigte van die toekoms van ons land en die kontinent se mense.


U sal nou wil weet watter instrument ons gaan gebruik om Visie 2012 te laat vlieg en 'n operasionele raamwerk vir 'n Pedagogie van Hoop te bou? Meer spesifiek, hoe wil ons 'n **Pedagogie van Hoop** laat ontvou by die Universiteit Stellenbosch?

Minister Pandor, ek het 'n voorstel gemaak aan die Dekane van ons tien fakulteite, aan die bestuurders van die Universiteit, aan die Raad van die US en die Senaat en dit is oral gesteun.

Om te verduidelik wat ons wil doen, moet ek u terugneem na die vergadering van die Ministers van Onderwys van die Statebond. Hierdie vergadering is in Desember 2006 in Kaapstad gehou, min of meer toe die Raad van hierdie Universiteit besluit het om my as Rektor en Visekanselier van die Universiteit aan te stel. Daar is op die vergadering gesê dat die hernuwing van die Afrika-universiteit 'n nouer aansluiting by die internasionale ontwikkelingsagenda vereis, en, meer spesifiek, dat die ontwikkelingsdoelwitte vir die Millenium in Afrika en elders in die wêreld behaal sal word, indien daar florerende stelsels van tersiêre onderwys bestaan. Ek hoop dit sal u trots maak op die hierdie Universiteit om te weet dat ons die Millenium Doelwitte as ons institusionele fokusgebiede en -temas gaan neem.

Visie 2012 moet dus meer gefokus wees en ek beoog om dit op te rat deur van 'n aantal sentrale temas gebruik te maak. Hierdie temas is direk belyd met die welbekende Millenium Doelwitte. In hierdie verband sal ons binnekort kan sê wat die Universiteit se bydrae is tot byvoorbeeld die uitwissing van pandemiese armoede en verwante toestande; die versekering van vrede, sekuriteit en stabiliteit op die Afrika kontinent as noodsaaklike voorvereiste vir optimale ontwikkeling en verbetering van die fisiese en psigiese omstandighede van mense in die algemeen; en die uitbouing van demokrasie (om vir u enkeles te noem).

Hierdie Universiteit wil sy uitnemendheid en kundigheid agter die internasionale ontwikkelingsagenda inswaai. Ek gaan binnekort 'n taakspan saamstel om die modaliteite hiervan te ondersoek en 'n implementeringsmodel hiervoor te ontwikkel. Ons hoop dat die Minister teen die volgende vergadering van Ministers van Onderwys in 2009 die resultate van ons werk as bewyse sal kan aanvoer.



Die opratting van die Universiteit se Visie vereis egter gelyklopende en intense aandag aan fasette van ons aktiwiteite wat verband hou met die vroeë relevansie en geloofwaardigheid wat ek vroeër gevra het. Een van die voorvereistes wat bevredig moet word, is dat ons hierdie universiteit volledig 'n **multikulturele plek** moet maak: 'n Tuiste vir almal, 'n tuiste waar kulture ontmoet. Om dit te doen moet ons 'n geloofwaardige poging aanwend om die rasprofiel van die universiteit te

verbeter. Ons moet hier meer swartmense in hul volle verskeidenheid verwelkom. Om hulle hier welkom te laat voel, moet ons die institusionele kultuur van die universiteit inklusief en verwelkomend maak.

Dit is nie net die institusionele kultuur wat meer verwelkomend moet word nie. Dit geld ook die sosiale kultuur van die dorp. Die multi-kulturele aard van die universiteit moet uitdrukking gee aan die konstitusionele mandaat vir nie-rassigheid en geld dus ook vir die dorp Stellenbosch. Ek en die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Lauretta Maree, maak tans voorstelle aan ons onderskeie rade vir die vestiging van 'n Verstandhoudingsooreenkoms wat 'n raamwerk skep vir die aanspreek van allerlei aspekte wat te doen het met die verdeeldhede op ons dorp. Rassisme en diskriminasie is hoog op ons lys van onwelkome gaste aan die Universiteit en op die dorp in ons pogings om 'n waardegedrewe instelling en dorpsgemeenskap te vestig.

Een van die belangrikste projekte wat ek verlede jaar afgehandel het, is die vestiging van 'n kantoor vir studente met spesiale leerbehoefte, soos blindes, dowes, ens. Ons diversiteitsdoelwitte is nie 'n getallespel nie, dit is die uitdrukking van 'n strewe na menswaardigheid vir almal ongeag ras, geslag, seksuele oriëntasie of die verskeidenheid van leerbehoefte. Hier sal ons ook hard moet werk om die probleme van die armes ten opsigte van toegang tot die Universiteit Stellenbosch so goed moontlik te hanteer. Ons kan slegs gelukkig voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleentheid het as die seun van die plaasboer.

Ek wil die universiteit lei om almeer 'n multikulturele tuiste vir almal te word: waar almal verwelkom word, ondersteun word en waar niemand ooit weer hoef te vrees: Stellenbosch, of Matieland, is nie vir ons mense nie en daarom moet ek 'n ander universiteit vir verdere studie oorweeg.

Ek kan die uitdagings om 'n multikulturele universiteit rondom 'n pedagogie van hoop te bou, aanvaar, omdat ek 'n span mense aan die universiteit het wat die sleutel tot die ontsluiting van ons toekomsverbintenis deel.

In hierdie verband het ek dit reeds gestel dat die Universiteit gelukkig is om oor 'n toegewyde, professionele en hoogs kundige personeelkorps beskik. Die realiteit waaraan ons baie meer doelgerig sal moet werk, – is dat die diversiteit van ons personeelkorps, veral op ons meer senior personeelvlakke, veel te wense oorlaat. In hierdie verband is ons senior akademiese personeelvlak steeds oorheersend wit en manlik. Hierdie posisie is nie houdbaar nie en weerspieël ook nie die inklusiwiteit waarvoor die Universiteit behoort te staan nie.

Ek beoog om daadwerklike stappe in hierdie verband te neem – wat aspekte sal insluit soos strategiese werwing, wetenskaplike en goedbestuurde loopbaan- en opvolgbeplanning asook kundigheidsoordragprogramme.

Ons verbintenis tot ons mense sluit ook ons studentekorps, hul billike toegang tot hoëronderlig en hul gepaardgaande studentesukses in. Die verbetering van die deelnamekoers van swartmense aan hoër onderrig, in hul volle verskeidenheid, moet doelgerig verbeter word om die ekonomie en die land se menslike hulpbronbehoefte volhoubaar te ondersteun.

Ons moet eenvoudig daarin slaag om die Universiteit, veral voorgaads, meer toeganklik en bereikbaar te maak vir groepe wat tans pertinente hindernisse in hierdie verband moet oorbrug. Ons ag dit ons plig om om via ons interaksie met skole, voornemende studente voor te berei vir toegang tot die Universiteit -- deur veral te fokus op aspekte soos die ontwikkeling van logiese en kritiese denkvaardighede wat bevorderlik is vir prestasies in wiskunde, wetenskap en tegnologiese studierigtings. In hierdie verband sal ons nuwe geskikte vennootskappe met die Departement van Onderwys moet aangaan; bestaandes op provinsiale vlak moet uitbou, en die Universiteit se unieke tegnologie-platforms as voertuig moet inspan om bestaande en nuwe inisiatiewe tot in die verste uithoeke van die platteland toeganklik te maak.

Op die vlak van voornemende toetredende tot die Universiteit is die finansiële werklikhede 'n reuse hindernis. Die Universiteit stel reeds 'n wesenlike deel van sy bronne beskikbaar om die Universiteit ook vir voornemende studente uit arm gemeenskappe bereikbaar te maak en sal selfs nog meer bronne hiervoor moet vind. Die uitdaging en aanspraak op bronne is egter so enorm dat ons dit nie kan doen sonder die aktiewe en daadwerklike ondersteuning van ons verskillende belanghebbers nie – ek vertrou dat u my ook nie in hierdie verband sal steun.

Toegang met sukses is die reg van elke geregistreerde student aan hierdie Universiteit. Tans is suksesvolle studie oneweredig versprei oor ons totale studentegemeenskap. Die Eerstejaars Akademie wat in hierdie verband reeds van stapel gestuur is, is 'n sistemiese inisiatief om suksesvolle studie te verhoog. Dit is een van my persoonlike sleutelfokusse om veral op hierdie terrein by te dra tot die opratting waarna ek vroeër verwys het. As Universiteit wil ons die toegang met sukses wesenlik verhoog vir ons totale studentegemeenskap.

Om 'n multikulturele universiteit met 'n pedagogie van hoop op ons vasteland te bou, vereis die vestiging van 'n Afrosentriese benadering tot hoëronderlig.

Die Universiteit moet beide plaaslik en globaal 'n relevante en gerekende rolspeler wees. Ja, ons moet in die internasionale arena (tans veral in Europa en die VSA) ons vastrapplek verder uitbou – maar, ons moet ook strategiese vennootskappe uitbrei en nuwes aangaan in Afrika, Asië, Suid-Amerika en Australië. Die US se Suid-Suid en veral die Afrika verhoudinge moet die vlagskip word waaronder die Europese suksesse en intellektuele kapasiteit verder sal seil.

Die uitbou van ons internasionale voetspoor kan dus nie ten koste van Afrika en Suid-Afrika wees nie. Die Universiteit Stellenbosch is onlosmaaklik deel van die werklikhede van Suid-Afrika en Afrika. Ons toekomstige sukses is afhanklik van Suid-Afrika en Afrika se sukses. Ons plaaslike Suid-Afrikaanse relevansie en waardetoevoeging in ons land en Afrika is 'n voorvereiste om die toekomstige en volhoubare sukses van Stellenbosch te verseker.

As rektor is die opratting van Stellenbosch se relevansie en uitbreiding van haar globale voetspoor (dit wil sê globaal en plaaslik), vir my 'n sleutel strategiese prioriteit. Stellenbosch is hier in die gelukkige posisie dat daar oor die Universiteit heen, programme van uitnemendheid bestaan wat met 'n wye verskeidenheid inisiatiewe besig is wat vir hierdie opratting ingespan kan word. Die groot uitdaging is om die nodige sistemiese wisselwerking en sinergie tussen al hierdie inisiatiewe te bewerkstellig; onnodige duplikasie uit te skakel; doelmatige brontoedeling te

verseker; en, waar nodig, verdere insiatiewe van stapel te stuur. Hiervoor word hoë vlak sistemiese leierskap vereis wat ek as een van my sleuteltake as rektor sien.

Afrika het nie net elemente van pyn nie. Dit het ook bepaalde elemente van hoop. Die Pedagogie van Hoop is die bouprogram waarmee die stryd teen Afropessimisme aangevoer moet word. Die ontwikkelingsagenda wat ons in samewerking met relevante vennote op die tafel plaas, moet die teenvoeter wees vir die wanhoop van die armes en die siekes wat so endemies is van ons land en die groter kontinent.

Dit bring my by die tale van Afrika. Afrikaans was vir lank, en tereg, beskou as die taal van die onderdrukker. Statistieke en sensussyfers dui daarop dat die meeste mense in die Wes-Kaap wat Afrikaans praat -- waaruit 60% van ons mark kom -- swartmense is. Kan hierdie werklikheid ook in 'n positiewe en aktiewe Pedagogie van Hoop omskep word? Dit is die uitdaging wat ons hier aanvaar. Ek glo dat ons nog die heel tyd die klem geplaas het op die pyn van Afrikaans. En dit is te verstane. Maar wat van die hoop van Afrikaans? Afrikaans is die hoop vir 'n beter lewe van groot getalle mense dwarsoor ons land. As ontwikkelde akademiese taal verteenwoordig dit ook die hoop vir die ontwikkeling van al ons ander inheemse tale. Daarom het die US erns met die plek en bevordering van Afrikaans in 'n meertalige konteks. Die aanvaarding van 'n aantal kern vertrekpunte deur die Senaat en die Raad van die universiteit plaas ons op 'n positiewe pad in die verwesenliking van 'n rasonale en pragmatiese oplossing van die taaldebat op Stellenbosch. In hierdie vertrekpunte stel ons dit onder meer duidelik dat die Taalbeleid die diversiteitsdoelwitte van die Universiteit behoort te ondersteun, en dat taal en taalgebruik die akademiese funksie van die Universiteit behoort te dien en nie andersom nie.

Deur ons verbintenis tot die ontwikkeling van Afrikaans in 'n meertalige konteks onderneem ons om in toenemende mate ook isiXhosa, die ander inheemse taal van ons streek, as akademiese taal uit te bou. Hierdie program is reeds aan die gang, maar dit vra ook dat ons universiteit die uitbouing van meesters- en doktorsgrade in vakterminologie-ontwikkeling in isiXhosa verder versnel en ondersteun. 'n Multidimensionele taalontwikkelingsprogram vir al ons inheemse tale lê aan die hart van 'n Pedagogie van Hoop vir ons land.

Maar terug by Afrikaans. Afrikaans is nie 'n toestand waarin hierdie Universiteit verkeer nie. Dit is een van haar visiestellings. Ons het besluit om Afrikaans in 'n meertalige konteks te bevorder en dit is ook ons bedoeling om die rasprofiel van hierdie Universiteit te verbreed. En tussen hierdie oënskynlike spanningsvelde, lê juis ons uitdagings van hoop vir die toekoms.

Hooggeagtes, vriende, kollegas en familie, ek is nie hier om bloot 'n "job" te doen nie. Ek is hier om 'n roeping te vervul, want ek behoort nie eintlik aan myself nie. My hoogste lojaliteit behoort aan die Een wat my geroep het.

In die nastrewing van hierdie grootse taak is ek deeglik bewus van die groot leierskapuitdagings wat aan my gestel gaan word. Ek pak hierdie uitdaging egter met entoesiasme en vertroue aan omdat ek weet dat ek nie alleen staan nie – intern en ekstern tot die Universiteit kan ek reken op die daadwerklike ondersteuning van toegewyde sleutelrolspelers wat met woord en daad gereed staan om saam met my mede-eienaarskap hiervoor te aanvaar.

Die Universiteit se transformasie gaan deur verskillende fases. Ek neem verantwoordelikheid vir die derde fase. My twee onmiddellike voorgangers, proff Andreas van Wyk en Chris Brink het onderskeidelik die Universiteit se Strategiese Raamwerk geformuleer en die daaropvolgende selfondersoekfase gelei. Die Universiteit het nou genoeg “navel gazing” gedoen. Die fase waarin ek leiding neem, neem ons na die implementering van selfvernuwing.

Derhalwe, moet hierdie inhuldiging dien as 'n sein aan al die mense van Suid-Afrika, veral diegene wat die Suid-Afrikaanse Hoop nastreef, dat die Universiteit van Stellenbosch hul kennisvennoot wil wees en almeer gaan word. Vir diegene wat die hoop verloor het, moet hierdie inhuldiging verklaar dat die Universiteit vir hulle, spesiaal vir hulle, 'n pedagogiese instrument van hoop wil word. Dit is die idee waarvoor Stellenbosch voortaan bekend wil staan – 'n sentrum van Hoop vir Afrika.

Ek dank u vir u geduld en ek maak graag staat op u verdere daadwerklike ondersteuning in ons strewe vir die skepping van 'n Pedagogie van Hoop vir al ons mense.